## 15 Oktober - SMEEK

**Skrifgedeelte: Markus 7:31-37 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Markus 7:32**

Op 'n keer het daar 'n foto van 'n slagoffer van die atoombom op Hiroshima in die koerante verskyn. Hierdie vrou het daardie dag van die bom 'n lig, feller as 'n duisend sonne, oor haar gesien, en van toe af was sy blind, stom en doof.

So 'n mens staan in Markus 7 voor ons Here Jesus Christus: 'n dowe man wat swaar praat. En ons fokusvers sê: hy *smeek* Jesus om hom die hande op te lê. *Smekend,* pleitend en afhanklik is hierdie man van die Here.

In sy wese is hierdie dowe man beeld van elke mens voor God – ook ek en jy staan eintlik *smekend* voor God om jou die hande op te lê. Want is ons nie maar ook doof en blind gemaak deur sonde en ongeregtigheid nie? En vir verlossing daarvan staan jy *smekend* voor God.

Kyk wat doen Jesus! Deur een woord te spreek, *"effata"* (gaan oop), word hierdie man genees. Só spreek God in die lewe van elke kind van Hom. Hy spreek net en dit het geskied. Hy beveel en alles gehoorsaam. Jesus Christus is die Verlosser wat sy kind laat leef tot in ewigheid. Meer nog: Hy laat jou hoor en sien. En om te hoor, is nodig om te glo (Rom 10:17).

Elke dag kan ons die Woord van God hoor en sien, en daardeur kan ons kom tot geloof in Christus se almag; om jou ook siende en horend te maak vir die wonder van sy Woord.

*Smeek* God ook vandag dat Hy jóú ore sal open vir die evangelie van vrede en verlossing.

*Sing: Psalm 81:9, 12 (1936-beryming)* *Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*